



Gids vir selfstandige fondsbestuur vir skoolgemeenskappe

skole.co.za

”

Ons **môre** word bepaal
deur wat ons **vandag** doen.

FLIP BUYS
Hoof van die Solidariteit Beweging



'n **Skoolgemeenskap** is 'n groep betrokke, verantwoordelike individue, sakeondernemings en instellings met 'n gedeelde belang in die sukses van onderwys in 'n gemeenskap vir opvoedkundige, kulturele, ekonomiese of maatskaplike redes. Hierdie gemeenskap ondersteun skoolaktiwiteite direk of indirek en wil die oordrag van gedeelde of gemeenskaplike doelwitte en waardes help verseker.



inhoud

1.	Meer gemeenskap en minder staat – Dr. Dirk Hermann	04
2.	Ruimte vir Afrikaanse openbare skole – Leon Fourie	06
3.	Die belang van moedertaalonderrig	08
4.	Faktore wat die selfstandigheid van goeie openbare skole aanhelp	09
4.1	Internasionale neigings in onderwysvoorsiening	10
4.2	Onvoldoende staatsubsidie en posvoorsiening	10
4.3	Kwytskelding van skoolgeld en styging in skole se uitgawes	11
4.4	Kapitaalverbeterings en gehalte-onderrig	11
4.5	Skole se unieke karakter, kultuur en taal	12
4.6	Selfbestuur	12
4.7	Regulatoriese kwessies waarvoor daar druk op die regering geplaas moet word	13
4.7.1	Delegering van magte aan skole met 'n bewese rekord van goeie bestuur	13
4.7.2	Finansiering van skole met 'n koeponstelsel waar geld die leerder volg	13
4.8	Die bestuur van bykomende fondse vir openbare skole	14
4.8.1	Betrek ondernemings met wedersyds voordelige projekte by finansiering van skole	14
4.8.2	Skep 'n volhoubare inkomstestroom	14
4.8.3	Gebruik onafhanklike regsentiteite om skenkingsfondse te bestuur	14
4.8.4	Bestuur skenkersverhoudings aktief	14
5.	Fondswerwing deur entiteite sonder winsoogmerk	15
5.1	Wat is 'n entiteit sonder winsoogmerk?	16
5.2	Die beste voertuig om skenkingsfondse te bestuur	17
5.3	Verskillende entiteite om fondse te bestuur	17
6.	Die Kampus Trust-aanbod vir skoolgemeenskappe	18
7.	Die Skolewet en trusts	19
8.	Ten slotte	19

Boodskap van Solidariteit

Meer **gemeenskap** en minder staat



Ouerbetrokkenheid sal selfs meer moet toeneem en meer moet gedoen word om ons openbare skole te **beskerm**. ”



Gemeenskappe onderskat dikwels die krag wat hulle in 'n demokrasie kan uitoefen. Ouers by skole verteenwoordig só 'n gemeenskap. Die Suid-Afrikaanse statutêre omgewing verleen heelwat magte aan ouers, maar soms neem ouers nie daardie regte op nie. **So het baie openbare skole staatskole geword – daar was te min gemeenskap en te veel staat.**

Afrikaanse skole se ouers was nog altyd baie betrokke. Hulle help om geld in te samel, sportvelde aan te lê en loop die ekstra myl. Hulle het help bou aan die staat se skole, maar nie genoeg word nou gedoen om as ouers die beheer en verantwoordelikheid van hul skole te behou nie. Ouerbetrokkenheid by skole sal selfs nog meer moet toeneem en meer moet gedoen word om ons openbare skole te beskerm. Die staat sentraliseer al meer aspekte van die samelewing. Ook ons skole word onderwerp aan toenemende sentrale beheer en stelsels. Ouers se antwoord op sentralisering lê opgesluit in die woorde “selfstandigheid” en “verantwoordelikheid.”

Ourgemeenskappe kan baie doen om hul skole tot groter selfstandigheid te lei. Hulle moet hulle nie laat boelie nie en moet aanspraak maak op die regte wat ouers kragtens wetgewing het. Hierdie gids wil ouers en skole help om meer selfstandig te wees met fondsbestuur. Daar word gekyk na internasionale neigings en die ruimte wat die statutêre omgewing vir ouers bied. Die Kampus Trust, 'n instelling van die Solidariteit Beweging, bied die ideale voertuig vir die mobilisering van skenkingskapitaal vir skole. Ons wil ouers aanmoedig om van hierdie geleentheid gebruik te maak om hul skole meer gemeenskap en minder staat te maak.




DR. DIRK HERMANN
Voorsitter: SOS-direksie

Ruimte vir Afrikaanse openbare skole

Goeie skole in Suid-Afrika is onder enorme druk. Sedert 2012 tot 2020 is daar jaarliks 0,46% (120) minder openbare skole in Suid-Afrika, terwyl die aantal leerders in die land met byna 100 000 leerders per jaar toeneem. **Druk op Afrikaanse skole neem toe om te verengels.** Slegs 1 162 van die ongeveer 25 000 skole in die land is nog Afrikaanse enkelmediumskole – 25% minder as in 2012. In die 1 404 parallelmediumskole wat Afrikaanse onderrig aanbied, is Afrikaanse leerders 'n minderheid in 1 110 van die skole.

Verspreiding van taal van onderrig



100 000
Die toename in die aantal leerders per jaar.

25%

Die afname in die aantal Afrikaanse enkelmediumskole sedert 2012.

250%
Die toename in die aantal verengelse skole sedert 2012.



Parallelmediumskole is slegs 'n tydelike reëling in die oorgang na Engels. Sonder enkelmedium-Afrikaanse skole wat deur Afrikaanse beheerliggame beheer word, kan daar nog vir 'n tyd lank moedertaal-onderrig wees, maar sal skole na alle waarskynlikheid verengels en as kulturele instellings, nie meer bestaan nie. Taal is immers sentraal in die oordrag van kultuur. Die waardes en etos wat Afrikaanse skole suksesvol gemaak het, is in gedrang.

Hofuitsprake oor taal en toelatings, maak dit al hoe moeiliker om op wetgewing staat te maak vir die voortbestaan van Afrikaans in openbare skole. Skoolgemeenskappe wat oor jare heen die instandhouding en ontwikkeling van skoolgeriewe uit hul eie sakke gefinansier het, het reeds min sê oor hul skole se voedingsarea, toelatingskriteria en kapasiteit.

Afrikaanse openbare skole is suksesvol ten spyte van die staat, en moet alles in hulle vermoë doen om hul eie omgewing te beheer en positief te beïnvloed. Die SOS se strategie vir groter selfstandigheid van openbare skole sluit wel ook regulatoriese kwessies in, waarvoor druk op die staat geplaas word. Skole en skoolgemeenskappe het egter die meeste beheer oor kwessies waaroor hulle self kan besluit, en moet dus poog om hul selfstandigheid te versterk.

Die SOS ondersteun skole om die toekoms van Christelike, Afrikaanse onderwys te help verseker.

LEON FOURIE

Uitvoerende Hoof: Solidariteit
Skoleondersteuningsentrum



Die belang van moedertaalonderrig

Moedertaal is die medium waardeur idees en wysheid oor geslagte heen bewaar en oorgedra word. Dit stel die sprekers in staat om geleenthede te benut en vorm die kern van mense en gemeenskappe se ontwikkeling. Taal raak die mens se vermoë tot uitdrukking en selfhandhawing, en is deel van die spreker se identiteit. Moedertaal is 'n integrale deel van enige kultuur en die basiese bestanddeel van multikulturele opvoeding.

Volgens dr. Rolf Stumpf, voormalige visekanselier en rektor van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, het Suid-Afrika 'n taalprobleem eerder as 'n onderwysprobleem. Meer as 70% van skole in Suid-Afrika is disfunksioneel, omdat daar weg beweeg is van moedertaalonderrig weens politieke oorwegings en 'n wanpersepsie dat onderrig deur middel van Engels beduidende voordele sou inhou. Studies toon onteenseglik dat meer as twee dekades van hierdie benadering gefaal het, veral in Wiskunde en Natuurwetenskappe – noodsaaklike vakke vir die welvaartskeppende beroepe.

Suid-Afrika se prestasie in die internasionaal gestandaardiseerde Trends in International Mathematics and Science Study (TIMSS) en Progress in International Literacy Study (PIRLS) toetse is uiters swak. Die 2018 PIRLS-verslag het getoon dat 8 uit 10 Gr. 4-leerlinge in Suid-Afrika nie met begrip kan lees nie. Suid-Afrikaanse leerders wat die TIMSS-vraestelle in hul moedertaal (Afrikaans of Engels) beantwoord het, se gemiddelde prestasie was 30% hoër as dié van leerders wat dit in 'n tweede taal moes beantwoord.

Wêreldbanknavorsing (2016) wys dat die verwagte slaagsyfer van matriekleerders wat die eindeksamen in hulle moedertaal aflê, oor voldoende hulpmiddels beskik en in klasse van 30 of minder leerders is, is 80%. Die slaagsyfer verminder na 40% wanneer dieselfde omstandighede heers, maar die eindeksamen in 'n tweede taal afgelê word.

Kom ons gun ons kinders die beste kans op sukses deur volhoubare moedertaalonderrig in Afrikaanse skole te help verseker.



Faktore wat die **selfstandigheid** van goeie openbare skole aanhelp

Goeie bestuur, ouerbetrokkenheid en versigtige finansiële beplanning maak dit steeds vir Afrikaanse skole moontlik om gehalte-onderrig te bied, ten spyte van uitdagings.

Beperkte staatsubsidie, verpligte kwytsekding van skoolgeld, inmenging met skole se beleid, en voorskrifte oor taal en toelatings, plaas die voortbestaan van Afrikaanse openbare skole onder druk.

Wysigings aan die Skolewet verplig skole sedert 2012 om die LUR se toestemming te verkry vir die aanwending van fondse en die vervreemding van bates, ongeag of dit met ouers se geld gekoop is. Gemeenskappe raak teësinnig om geld in die skoolrekening te stort, al wil hulle steeds graag die skool help. Nuwe planne word bedink om skenkings en vrywillige fondse uit gemeenskappe steeds tot voordeel van skole aan te wend, maar onafhanklik van die skool se rekening te bestuur.



Meer as 70% van skole in Suid-Afrika is disfunksioneel, veral omdat daar wegbeweeg is van moedertaalonderrig.





4.1 Internasionale neigings in onderwysvoorsiening

Die meeste lande met suksesvolle onderwysstelsels wentel soveel moontlik magte en verantwoordelikhede af na skoolvlak. Skole word deur die staat gefinansier, maar grootliks selfstandig binne 'n vasgestelde raamwerk vir aanspreeklikheid bedryf. Gemeenskappe aanvaar toenemend meer verantwoordelikheid vir onderwys, en die onderskeid tussen onafhanklike en openbare skole vervaag.

In Suid-Afrika sukkel die staat al hoe meer om gehalte-onderwys te verseker, maar Afrikaanse skole bly suksesvol. Baie openbare skole se begroting kom grootliks uit die ouergemeenskap.

Die gehalte van private onderrig is oor die algemeen hoër as dié van openbare onderrig – teen verminderde koste vir die staat. Groter selfstandigheid van openbare skole hou dieselfde voordele in: dit laat skole toe om hul eie hulpbronne volgens behoefte te bestuur, stimuleer innovering en verhoog aanspreeklikheid.

Skole se prestasie verhoog betekenisvol wanneer hulle vry is om self te besluit oor sake soos aanstellings, die akademiese program en die toewysing van hulpbronne.

4.2 Onvoldoende staatsubsidie en posvoorsiening

Politieke doelwitte vir regstelling en herverspreiding van bronne bring mee dat staatsfinansiering en posvoorsiening in openbare skole drasties verskil.

Die staat se pro-arm-beleid sluit kwintiel 4- en 5-skole pertinent uit van gesubsidieerde vervoer, voedingskemas, veiligheid, opgradering van skole en inligtingstechnologieprojekte. Ironies genoeg skryf die ANC Afrikaanse skole se uitmuntende prestasie steeds toe aan onbillike bevoordeling.

Kwintiel 1- tot 3-skole hef geen skoolgeld nie en ontvang in 2021 subsidie van R1 547 per leerder per jaar van die staat. Byna 90% van openbare skole val in hierdie kategorieë. Bo en behalwe die gewone posvoorsiening van die staat word "regstellende" poste ook uitsluitlik aan hierdie skole toegeken. Kwintiel 5-skole ontvang die minste subsidie van die staat, naamlik R268 per leerder per jaar. Feitlik alle Afrikaanse skole is kwintiel 5-skole.

Artikel 36 (1) van die Skolewet plaas die verantwoordelikheid op skoolbeheerliggame om "alle redelike maatreëls binne hul vermoë (te) tref om die hulpbronne deur die Staat voorsien aan te vul ten einde die gehalte van onderwys te verhoog."

Kwintiel 1 tot 3



Dié skole ontvang R1 547 per leerder van die staat in 2021. Byna 90% van openbare skole val in dié kategorieë.

Kwintiel 5



Dié skole ontvang in 2021 slegs R268 per leerder van die staat. Byna alle Afrikaanse skole is kwintiel 5-skole.

4.3 Kwytskelding van skoolgeld en styging in skole se uitgawes

Daar rus 'n wetlike verpligting op skole om leerders wat dit nie kan bekostig nie, kwyt te skeld van betaling van skoolgeld. Skole word minimaal (in sommige provinsies glad nie) deur die staat vergoed vir kwytskeldings. Afrikaanse skole verloor gemiddeld 26% van hulle begrote inkomste aan skoolgeld as gevolg van kwytskeldings en kry minder as 3% daarvan terug van die staat.

Afrikaanse skole is afhanklik van skoolgeld om te oorleef. In kwintiel 5-skole dra ouers verreweg die grootste deel van die koste van onderwysvoorsiening. 'n Gemiddelde hoërskool bestee ongeveer 5% van sy inkomste aan munisipale dienste, terwyl die staatsubsidie 3,6% van hoërskole se totale begroting uitmaak. Afrikaanse skole se grootste uitgawe bly steeds salarisse van personeel in diens van beheerliggame. Die ontwikkeling en instandhouding van terreine en geboue is tweede op die lys van skooluitgawes.

Skole kan nie aanhou om skoolgeld te verhoog om uitgawes te dek nie. Skenkings en inkomste uit fondsinsamelings is dus onontbeerlik.



Kwytskeldings

Skole verloor gemiddeld 26% van hul begrote inkomste as gevolg van kwytskeldings.



Munisipale dienste

'n Gemiddelde hoërskool bestee meer as 5% van sy begroting aan munisipale dienste.



Staatsubsidie

Staatsubsidie maak slegs sowat 3,6% van hoërskole se totale begroting uit.

4.4 Kapitaalverbeterings en gehalte-onderrig

Kapitaalverbeterings ter wille van gehalte-onderrig, byvoorbeeld die aanbou van klaskamers en ontwikkeling van sportgeriewe, is volledig afhanklik van privaat finansiering. Skole is egter deesdae teësinnig om noodsaaklike klaskamers aan te bou, omdat skole verplig word om alle klasse vol te maak, eerder as om klasgroepe klein te hou ter wille van beter onderrig. Ontwikkelings deur privaat entiteite, wat op eiendom naby die skool gedoen word en aan die skool verhuur word om kapasiteit te verhoog, hou egter nie dieselfde risiko in om as deel van die skool se kapasiteit gereken te word nie. Eiendom bly in besit van die privaat entiteit, maar word in belang van die leerders aangewend, sonder dat die skool se kapasiteit vergroot. Skoolgemeenskappe volg toenemend dié roete om skenkings deur 'n privaat entiteit te kanaliseer en onafhanklike bates te ontwikkel wat tot skole se beskikking gestel word.

4.5 Skole se unieke karakter, kultuur en taal

Artikel 29(2) van die Grondwet maak wel voorsiening vir openbare skole in spesifieke kultuur-, geloofs- en taalgemeenskappe. Met Suid-Afrika se heterogene gemeenskap kan aan hierdie grondwetlike regte voldoen word deur 'n gedentraliseerde onderwysstelsel, wat ag slaan op die voorkeure van ouers en gemeenskappe.

Ouers se bydraes en skenkings uit die Afrikaanse kultuurgemeenskap is onontbeerlik om enkelmedium-Afrikaanse skole uitnemend te hou.

4.6 Selfbestuur

Kragtens artikel 15 van die Skolewet is elke openbare skool 'n onafhanklike regspersoon. Die beheer van 'n skool is gesetel in die beheerliggaam – waarvan die grootste komponent ouers is. As regspersoon het elke skool 'n eie identiteit en eiendomsbesitreg, wat 'n mate van selfbestuur impliseer.

Hoewel die grondwetlike ruimte vir selfstandige openbare skole bestaan, word beheerliggame se outonomie weggevreet deur die sentralisering van mag en staatsinmenging. Die Skolewet maak voorsiening dat beheerliggame finansiële beleide mag bepaal, maar beperk dan hul uitvoerende vermoë met artikels 36, 37 en 58A. Die voorgestelde wysigings aan die Skolewet wat tans ter tafel gelê is, sal 'n einde maak aan skole se reg om self oor onderrigtaal, toelatings en aanstellings by die skool te besluit.

Ouers is verantwoordelik vir meer as 80% van Afrikaanse skole se inkomste, maar ervaar dikwels 'n verlies aan beheer oor die toewysing van fondse sodra hul geld in die skoolrekening beland. Deur skole minder afhanklik van die staat te maak, kan die negatiewe impak van 'n ondoeltreffende, verpolitiseerde burokrasie op funksionele skole teëgewerk word.



4.7 Regulatoriese kwessies waarvoor daar druk op die regering geplaas moet word

Individue, skole, organisasies en politieke partye wat die belang van gehalte-onderwys in Suid-Afrika op die hart dra, behoort by elke geleentheid druk op die regering te plaas om die volgende veranderinge in die openbare onderwysstelsel teweeg te bring:

4.7.1 Delegering van magte aan skole met 'n bewese rekord van goeie bestuur

Die fokus van onderwysdepartemente moet op resultate eerder as insette wees. 'n Gedifferensieerde benadering in plaas van 'n eenvormige stelsel, sal meer produktief wees. Sterk kontrolemaatreëls en voorskrifte mag nodig wees om te verseker dat goeie onderrig plaasvind in skole wat sukkel, maar skole met 'n bewese rekord van goeie bestuur en gehalte-onderrig moet meer mag gegee word om hulself te bestuur. Riglyne vir prestasie kan sentraal gestel word, maar goeie skole moet dan toegelaat word om selfstandig te funksioneer en eise vir verslagdoening moet verminder. Meer departementele tyd en bronne kan op hierdie manier losgemaak word om sukkelende skole te help.

4.7.2 Regverdige finansiering van skole met 'n stelsel waar geld die leerder volg

'n Vasgestelde staatsubsidie moet aan elke leerder betaal word, wat die leerder volg, ongeag watter skool hy of sy bywoon. 'n Koeponstelsel sal die huidige ingewikkelde stelsel van kwintiele, gedifferensieerde staatsfinansiering, kwytskeldings en eise vir terugbetalings aan skole aansienlik vereenvoudig en gesonde mededinging tussen skole aanmoedig. Ingewikkelde, tydrowende prosedures om kwytskelde skoolgeld van die staat terug te eis, sal onnodig wees indien 'n koeponstelsel gebruik word.



Ouers is verantwoordelik vir meer as 80% van Afrikaanse skole se inkomste.



Skole met 'n bewese rekord van goeie bestuur en gehalte-onderrig moet meer mag hê om hulself te bestuur.

4.8 Die bestuur van bykomende fondse vir openbare skole

Druk moet op die regering geplaas word om wetgewing te verander, maar Afrikaanse skole kan hul selfstandigheid ook binne die bestaande regsraamwerk vergroot deur finansiering uit die gemeenskap anders te benader.

4.8.1 Betrek ondernemings met wedersyds voordelige projekte by finansiering van skole

Deur die koopkrag van 'n skoolgemeenskap te kanaliseer, kan 'n volhoubare inkomstestroom geskep word sonder om meer geld van ouers te vra. Ooreenkomste met winsgerigte sakeondernemings beteken 'n laerisiko-inkomste vir die skool en hou terselfdertyd bemarkingswaarde vir ondernemings in. (Woolworths se My School-projek is 'n praktiese voorbeeld van 'n aktiewe vennootskap tussen 'n winsgerigte sakeonderneming en skole. Skole verdien 'n maandelikse inkomste op grond van geregistreerde lede se aankope.) Die sukses van vennootskappe berus op doeltreffende administrasie, gereelde terugvoer en wedersydse voordeel uit die ooreenkomste.

4.8.2 Skep 'n volhoubare inkomstestroom

Baie skole beskou fondsinsameling as 'n eenmalige/jaarlikse geleentheid, byvoorbeeld 'n skoolkermis, gholfdag of musiekkonsert. Die meeste van hierdie geleenthede lewer wel goeie opbrengste, maar verg geweldig baie moeite. Projekte wat gereelde, volhoubare inkomste kan verseker, byvoorbeeld maandelikse alumniklubdegedel, die verhuring van skoolgeriewe en die verkoop van advertensieruimte by sportgeleenthede, op skoolheinings of tablette, moet beslis ook oorweeg word. Die gebruik van tegnologie in onderrig skep nuwe geleenthede om 'n inkomste te genereer.

Die skoolbeheerliggaam moet die skool se fondsinsamelingstrategie bepaal en toepaslike beleide in plek stel om te verseker dat wetlike vereistes nagekom word. Fondsinsamelingskomitees moet 'n duidelike mandaat hê vir die aard en omvang van hul bedrywighede.

4.8.3 Gebruik onafhanklike regsentiteite om skenkingsfondse te bestuur

Deur gebruik te maak van onafhanklike entiteite om fondse te kanaliseer, kan gemeenskapsfondse steeds tot die beskikking van die skool wees, terwyl beheer en eienaarskap van die bates behou word. Die bestuur van gemeenskapsfondse deur verenigings, trusts of maatskappye sonder winsoogmerk (MSW's) kan die voorskriftelike van onderwysowerhede doeltreffend teëwerk. Die stigtingsdokumente van onafhanklike regsentiteite moet versigtig bewoord word, sodat dit funksionaries in staat stel om aktiwiteite volhoubaar en verantwoordelik – in belang van Afrikaanse onderwys – te bestuur.

Waar skenkersfondse deur 'n onafhanklike entiteit bestuur word, hoef kapitaalprojekte wat skole se kapasiteit en geriewe uitbrei, nie noodwendig op die skoolterrein gedoen te word nie. Ontwikkeling kan op private eiendom gedoen en tot die skool se beskikking gestel word. Só word eiendomsreg behou en die risiko vir gedwonge toelatings, strydig met die beheerliggaam se beleid, word beperk.

4.8.4 Bestuur skenkersverhoudings aktief

Dit is belangrik dat Afrikaanse skole se fondsinsamelingsvennote en borge die skool se visie, waardes en doelwitte ondersteun en die beste belang van leerders dien. Skole se gereelde kommunikasie met skenkers moet gemeenskaplike doelwitte en welslae beklemtoon en deursigtigheid verseker. Fondse wat vir 'n bepaalde doel ingesamel of geskenk is, moet spesifiek vir daardie doel aangewend word. Die verhouding tussen die inkomste en die koste aangegaan en voldoening aan wetlike vereistes is bepalend vir verantwoordelike fondsinsameling. Die skoolhoof moet 'n sigbare vennoot in fondswerwing wees, as teken van die skool se toewyding en heelhartige ondersteuning van projekte.

Fondswerwing deur entiteite sonder winsoogmerk

Kommer oor die toekoms van geld en ander bates wat oor jare ten bate van die skool ingesamel is deur ouers, oudskoliere en ondersteuners van die skool, is geregverdig.

Artikel 52(2) van die Skolewet bepaal uitdruklik dat skole eiendomsreg behou van bates wat hulle voor die inwerkingtreding van die Skolewet gehad het en volgens artikel 37(5) is skole die eienaars van alle bates wat ná die inwerkingtreding van die Skolewet (Januarie 1997) verwerf word. Tog gee onlangse uitsprake van die Grondwethof finale sê aan die LUR en beperk wysigings aan die Skolewet beheerliggame soos volg:

Artikel 36(4) a. 'n Beheerliggaam kan, met die goedkeuring van die LUR –

(i) die vaste eiendom van 'n skool uithuur, beswaar, omskep of verander om skoolaktiwiteite voorsiening te maak om die skoolfonds van daardie skool aan te vul;

(5) By die toepassing van subartikel (4) beteken “skooleiendom” vaste eiendom wat aan die Staat behoort... en enige vaste eiendom wat 'n skool met skoolfondse of skenkings aan die skool gekoop het.

Artikel 58A(2) bepaal dat geen persoon enige bates van 'n openbare skool aan 'n ander persoon of liggaam mag vervreem sonder die skriftelike goedkeuring van die LUR nie.

Deur gemeenskapsfondse deur onafhanklike entiteite te kanaliseer, met die skool of leerders as begunstigdes, kan oormatige voorskriftelikheid en beheer deur die onderwysdepartement beperk word.



5.1 Wat is 'n entiteit sonder winsoogmerk?

Die doel van 'n entiteit sonder winsoogmerk is om een of ander **openbare diens of voordeel** aan 'n spesifieke groep of aan die gemeenskap te lewer. Dienste sluit in **maatskaplike werk, onderwys en welsynsprojekte**. Entiteite sonder winsoogmerk kan wel 'n **inkomste** genereer en **wins** toon, maar winste moet aangewend word ter bevordering van die entiteit se doelwitte soos uitgestippel in die stigtingsdokument. Winste kan nie as dividende onder lede of ampsdraers verdeel word nie en by die ontbinding moet **surplusfondse en bates** aan 'n ander entiteit sonder winsoogmerk met soortgelyke doelwitte geskenk word.

Organisasie sonder winsoogmerk (NPO)

Verenigings, trusts of maatskappye sonder winsoogmerk kan by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (www.dsd.gov.za/npo/) as *Non-Profit Organisation* (NPO) registreer, indien hulle aan die voorgeskrewe vereistes voldoen. Daar word van NPO's verwag om die opbrengste uit hul aktiwiteite en bates wat deur donateurs en borge aan hulle toevertrou word, noukeurig in belang van 'n spesifieke doel of begunstigdes te bestuur.

Openbare weldaadorganisasie (PBO)

'n *Public Benefit Organisation* (PBO) is 'n organisasie wat op grond van sy "aktiwiteite in openbare belang" vir belastingvrystelling kwalifiseer. Verenigings, trusts of maatskappye sonder winsoogmerk kan by die SAID aansoek doen om PBO-status te bekom (<http://www.sars.gov.za>). Skenkeraftrekbaarheidstatus gee aan 'n instansie die reg om belastingaftrekbare donasies te ontvang en Artikel 18A-belastingsekkertifikate uit te reik. Dit verlaag die skenker se aanspreeklikheid vir inkomstebelasting en kapitaalwinstbelasting. Bemakings aan 'n PBO is aftrekbaar van boedelbelasting



5.2 Die beste voertuig om skenkingsfondse te bestuur

Skoolgemeenskappe kan vrywillige verenigings, trusts of maatskappye sonder winsoogmerk (MSW) gebruik om skenkings, vrywillige bydraes en fondsinsamelings te bestuur. Skenkers moet oortuig wees dat hul bydraes goed bestuur en vir 'n spesifieke doel aangewend sal word. Om die beste finansiële voertuig te kies, moet die volgende vrae beantwoord word:

- a. Wie wil ons help?
- b. Waarop wil ons fokus (byvoorbeeld opleiding van onderwysers, studiebeurse, maatskaplike hulp, kapitaalprojekte of navorsing)? Doelstellings en begunstigdes moet spesifiek wees, aangesien dit 'n belangrike deel van die stigtingsdokument uitmaak.
- c. Wat word van ampsdraers verwag?
- d. Wat is die kriteria vir nominasie as bestuurslede/trustees/direkteure?
- e. Watter vennote kan ons betrek? Deel hulle ons visie, waardes en doelwitte?
- f. Watter vorm van hulp wil ons verleen: finansiël, hulpbronne of opleiding?
- g. Op watter inkomstebronne maak ons staat?
 - » Finansiële donasies
 - » Skenkings *in natura*, soos produkte, eiendom, toerusting, kundigheid of dienste
 - » Kostedeling, soos kantooruimte, personeel en advertensieborde
 - » Borg van geleenthede, soos konserte of seminare
 - » Aankoop van dienste en produkte wat die MSW lewer
 - » Rente op beleggings van die MSW
 - » Lidmaatskap- of intekengeld.



Sien die SOS se dokument – *Bestuur van skenkingsfondse* – vir 'n vergelyking van die entiteite soos in 5.3 genoem.

5.3 Verskillende entiteite om fondse te bestuur

Om besluitnemingsmag oor skenkingsfondse te behou, het skoolgemeenskappe vier opsies. Die keuse hang af van die doel en beheer wat die stigters oor die entiteit en sy bedrywighede wil uitoefen. Skoolgemeenskappe kan fondsinsamelingsprojekte en skenkingsfondse op die volgende maniere, afsonderlik van die skoolrekening, bestuur:

- » Skep 'n **vrywillige vereniging** met 'n grondwet om fondse te administreer. Vrywillige verenigings is dikwels informele, gemeenskapsgebaseerde organisasies wat ingevolge die gemenerereg gestig word en deur die Wet op Organisasies sonder Wins-oogmerk (No. 71 van 1997) beheer word.
- » Skep 'n **trust** met die skool as begunstigde. Trusts word beheer deur die Wet op die Beheer oor Trustgoed (No. 57 van 1988).
- » Rig 'n **maatskappy sonder winsoogmerk** (MSW) op om fondsinsamelingsprojekte te bestuur. MSW's word beheer deur die Maatskappyyewet (No. 71 van 2008), en word opgerig tot voordeel van 'n openbare doel wat verband hou met kulturele, sosiale of gemeenskapsbelange.
- » 'n Toegewese rekening vir die skool kan geskep word binne 'n gevestigde voertuig soos **Die Kampus Trust** wat dan as administrateur optree. Dit hou bykomende voordele in, soos gedeelde auditfooie, uitreiking van Artikel 18A-belastingcertifikate en gereelde finansiële verslae.





Die Kampus Trust-aanbod vir skoolgemeenskappe

Die Kampus Trust, 'n instelling van die Solidariteit Beweging, bied **die ideale voertuig vir die mobilisering van skenkingskapitaal vir skole**. Die Kampus Trust, in vennootskap met die SOS, akkommodeer skoolgemeenskappe binne hul gevestigde akte van oprigting, teen 'n fraksie van die koste en moeite.

Die Kampus Trust dien as **befondsingsplatform**, waar die onderskeie fondse elk hul **eie doelstellings** het en verantwoordelik is vir hul eie operasionele bedrywighede. 'n Eie bankrekening word vir elke fonds oopgemaak wat hulle **self bestuur**. 'n Skoolgemeenskap met 'n skenkingfonds binne Die Kampus Trust geniet die volgende **voordele**:

- » Onmiddellike toegang tot 'n truststruktuur met al die beskermende voordele
- » 'n Skenkingfonds met eie bankrekening en vrye toegang tot eie fondse
- » Onmiddellike uitreiking van Artikel 18A-belastingcertifikate vir belastingvoordele
- » Gereelde finansiële verslagdoening (maandeliks of soos nodig)
- » Wetsvoldoening en regshulp
- » Fondse word teen 'n redelike koers belê en is binne 72 uur beskikbaar
- » Vorm deel van 'n netwerk van skole wat beste praktyke implementeer tot voordeel van skole met eiesoortige uitdagings
- » Vermoë die moeisame oprigtingsproses by Meesterskantore wat tot 18 maande kan duur
- » Spaar tyd en koste met direksievergaderings en oudits
- » Elke skool bly in beheer van sy eie skenkingfondse
- » Ruimte vir erflatings en internasionale fondswerwingaansoeke.

Elke skoolgemeenskap se skenkingsfonds vorm deel van 'n diskresionêre trust en word bestuur deur 'n subkomitee bestaande uit verteenwoordigers van die skool, wat besluit hoe die geld aangewend word. Dit word aanbeveel dat komiteede, uit die aard van hul posisie in die skool of skoolbeheerliggaam, op die komitee van die skenkingsfonds sal dien, byvoorbeeld die beheerliggaamvoorsitter, tesourier en skoolhoof. Elke skenkingsrekening word bestuur volgens 'n eie bestuursreglement. Die Kampus Trust hef 'n administratiewe fooi vir ouditeurskoste, verslagdoening, uitreik van Artikel 18A-belastingcertifikate en hulp met die nakoming van voldoeningsvereistes.

Indien 'n skoolgemeenskap se onafhanklike bedrywighede toeneem en hulle 'n eie MSW wil oprig, is daar reeds geld en genoeg tyd beskikbaar om dit te doen. Fondse kan met 'n diskresionêre toekenning van Die Kampus Trust na die nuwe MSW oorgedra word.

Die Skolewet en trusts

Artikel 37(4) van die Skolewet bepaal dat geld of goed wat in trust aan 'n skool geskenk of bemaak word, ooreenkomstig die voorwaardes van daardie trust aangewend moet word. Dit beteken die volgende:


- Die **eiendomsreg** van die betrokke geld of goed sal nie in die skool gesetel wees nie, maar wel in die trustees.
- Die **bepalings van die Skolewet** sal nie van toepassing wees op die trust se geld of goed nie, maar die bepalings van die trustakte wel.
- Skool- en trustbates** mag nie vermeng word nie.
- Die gevaar van **botsende belange bestaan nie** werklik waar die skool as begunstigde van die trust aangewys is nie. Lede van die beheerliggaam asook die trustees is immers verplig om in die beste belang van die skool op te tree.

Daar is in beginsel geen beletsel teen die oprigting van trusts wat skole of leerders ondersteun nie. Geld mag egter nie sonder teenwaarde uit die skoolfonds aan 'n trust oorbetal word nie en die trust mag nie gebruik word om die betaling van verpligte skoolgeld te ontduik nie. Transaksies moet behoorlik gedokumenteer word, die trust moet 'n armlengte weg van die skool wees en daar mag geen vermenging van fondse plaasvind nie.

Ten slotte

Die Afrikaanse gemeenskap besef die waarde van onderwys vir ons kinders. Om standarde te behou en vir toekomstige geslagte uit te bou, is dit nodig dat skoolgemeenskappe op 'n nuwe manier **voortbou op die tradisie van betrokkenheid, roeping en vrygewigheid**. As ons praat van die toekoms van Afrikaanse skole, praat ons van 'n toekoms wat deur die Afrikaanse gemeenskap self uitgekerf moet word.

08





Saamgestel deur Melanie Buys Hoof van Ontwikkeling: SOS

Uitvoerende Hoof – Leon Fourie • leon@skole.co.za

Hoof: Opleiding – Hugo Vermeulen • hugo@skole.co.za

Hoof: Innovasie – Valentyn van der Merwe • valentyn@skole.co.za

Navorser – Marlien van der Westhuizen • marlien@skole.co.za

Skakelbeampte – Sarina Prinsloo • sarina@skole.co.za

Grafiese ontwerp & uitleg – Aksent Media • aksentmedia@vodamail.co.za

Tel: 012 612 0234

E-pos: admin@skole.co.za



skole.co.za